

NestEgg CAPITAL

maandelikse markoorsig

& jy

JUNIE in oorsig 2026

In hierdie oorsig

Die Wêreldbank het gewaarsku dat stadiger handelsgroei steeds druk op die wêreldekonomie plaas.

Die JSE Indeks vir Alle Aandele het met 3,7% gedaal, met hulpbronaandele wat besonder swak presteer het namate kommoditeitspryse en globale groeiverwagtinge verswak het.

Suid-Afrika trek steeds voordeel uit 'n meer stabiele elektrisiteitsomgewing as wat gedurende die hoogtepunt van beurtkrag die geval was.



Ekonomiese- en markoorsig

Spanning in die Midde-Ooste het, gedurende Junie, wêreldnuus oorheers. Ná 'n tydperk van verhoogde konflik tussen Iran, Israel en die Verenigde State, is markte gerusgestel deur berigte van 'n skietstilstandsooreenkoms en die heropening van belangrike skeepsroetes deur die Straat van Hormuz. Hoewel energiemarkte teen die einde van die maand gestabiliseer het, bly beleggers bekommerd dat die streek vir 'n geruime tyd 'n bron van markwisselvalligheid kan bly.

Die Wêreldbank het sy verwagtinge vir globale ekonomiese groei verlaag en gewaarsku dat hoër energiepryse, volgehoue geopolitieke spanning en stadiger handelsgroei steeds druk op die wêreldekonomie plaas. Die instelling het beklemtoon dat groei ongelyk bly tussen streke, met verskeie ontluikende ekonomieë wat na verwagting oor die medium termyn beter as ontwikkelde markte sal presteer.

Oliepryse het 'n belangrike fokuspunt vir beleggers gebly. Hoewel pryse vanaf hul hoogtepunte teruggesak het ná tekens van vordering in die Midde-Ooste-onderhandelinge, verreken energiemarkte steeds die moontlikheid van voorsieningsontwrigtings. Hoër oliepryse bly een van die grootste risiko's vir die globale inflasievooruitsig.

Sentrale banke het steeds versigtig opgetree. Die Amerikaanse Federale Reserweraad het 'n versigtige benadering gehandhaaf soos inflasie bo die teikenvlak gebly het, terwyl beide die Europese Sentrale Bank en die Bank van Japan voortgegaan het met geleidelike beleids-normalisering. Verskille in monetêre beleidsverwagtinge bly 'n belangrike drywer van bewegings in valuta- en effektemarkte.

Kunsmatige intelligensie (KI) bly een van die belangrikste beleggingstemas wêreldwyd. Voortgesette beleggings in KI-infrastruktuur en tegnologie-uitvoere het ekonomiese aktiwiteit ondersteun, veral in die Verenigde State en dele van Asië, en sodoende 'n mate van die swakheid wat met stadiger globale groei gepaardgaan, help teenwerk.

Bekommernisse oor staatsfinansies bly prominent in verskeie ontwikkelde ekonomieë. Beleggers eis steeds hoër opbrengste op langtermynstaatseffekte namate hulle fiskale volhoubaarheid, inflasierisiko's en die langtermyngevolge van verhoogde staatskuldvlakke verreken.

Suid-Afrika trek steeds voordeel uit 'n meer stabiele elektrisiteitsomgewing as wat gedurende die hoogtepunt van beurtkrag die geval was. Swak ekonomiese groei, logistieke beperkings en voortgesette fiskale druk bly egter beduidende struikelblokke om die hoër groeikoerse te bereik wat nodig is om werkloosheid aan te spreek en lewenstandaarde te verbeter.

Markprestasie

Markindekse[1]	30 Junie 2026		
(Alle opbrengste in Rand tensy anders aangedui)	3 maande	12 maande	5 jaar[2]
SA aandele (FTSE/JSE indeks van alle aandele)	-2.4%	18.4%	15.2%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	11.4%	40.4%	18.3%
SA effekte (FTSE/JSE indeks van alle effekte)	7.9%	21.5%	12.4%
SA kontant (STeFI)	1.7%	7.1%	6.9%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	13.9%	21.8%	12.0%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	24.1%	44.2%	7.7%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	0.9%	0.6%	-1.5%
Rand/dollar[3]	-4.3%	-7.8%	2.8%
Rand/sterling	-3.6%	-10.7%	2.0%
Rand/euro	-5.0%	-10.2%	2.0%
Goudprys (USD)	-13.4%	22.1%	17.8%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-38.4%	7.9%	-0.6%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

Wêreldmarkte het gemengde opbrengste gedurende Junie gelewer namate beleggers die afname in geopolitieke spanning in die Midde-Ooste opgeweeg het teen kommer dat hoër energiepryse die stryd teen inflasie kan verleng. In die Verenigde State het die breë S&P 500-indeks die maand 1,1% laer afgesluit, terwyl die tegnologie-gedrewe Nasdaq Indeks met 2,8% teruggesak het namate beleggers winste geneem het ná 'n sterk eerste helfte van die jaar. Aandele van kleiner maatskappye het beter gevaar, met die Russell 2000-indeks wat met 3,6% gestyg het (alles gemeet in Amerikaanse dollar). Ten spyte van die maandelikse terugslag, bly Amerikaanse aandele vir die jaar aansienlik hoër, ondersteun deur veerkragtige groei in maatskappy verdienste en volgehoue entoesiasme rondom beleggings wat met KI verband hou.

Europese markte was meer veerkragtig. Die Verenigde Koninkryk se FTSE 100 het met 1,0% gestyg, terwyl die Euro Stoxx 50 gedurende die maand 4,7% bygevoeg het. Japan het voortgegaan om een van die sterkste presterende groot markte wêreldwyd te wees, met die Nikkei 225-indeks wat gedurende Junie met 5,6% in plaaslike geldeenheidterme gestyg het. Ontluikende markte het egter gesukkel, met die MSCI Indeks vir Ontluikende Markte wat met 1,4% gedaal het namate volgehoue kommer oor ekonomiese groei in China en wêreldhandel beleggersentiment gedemp het.

Suid-Afrikaanse markte het 'n moeiliker maand beleef. Die JSE Indeks vir Alle Aandele het met 3,7% gedaal, met hulpbronaandele wat besonder swak presteer het namate kommoditeitspryse en globale groei-verwagtinge verswak het. Finansiële aandele het wel 'n mate van ondersteuning gebied, maar kon nie die swakheid elders in die mark verreken nie. Plaaslike effekte het sterker presteer aangesien beleggers gunstig gereageer het op afnemende plaaslike inflasieverwagtinge en laer langtermyn effekte opbrengste.

Die rand het gemengde prestasie teenoor die vernaamste geldeenhede gelewer. Die rand het beskeie winste teenoor die euro behaal ('n versterking van 0,8%) en die Britse pond ('n versterking van 0,4%), terwyl dit teenoor die Amerikaanse dollar verswak het ('n verswakking van 1,2%). Hulpbronne het onder druk gebly en die vorige maand se verliese verder uitgebrei, met goud (af met 11,8%), platinum (af met 19,4%) en Brent-ruolie (af met 20,8%) wat almal beduidende dalings aangeteken het.



BELEGGERSOPVOEDING

Vlieg my maan toe. Of Mars toe as dit moet.



"Be fearful when others are greedy and greedy when others are fearful." - *Warren Buffett*


Beleggers word van nature aangetrek tot opwindende stories, en min stories het die verbeelding só aangegryp soos die vooruitsig van 'n toekomstige SpaceX-notering. As een van die wêreld se mees suksesvolle private maatskappye, kombineer SpaceX baanbrekende tegnologie, visioenêre leierskap en 'n dominante posisie in kommersiële ruimtenavorsing. Dit is presies die soort beleggingsgeleentheid wat 'n sterk vrees om uit te mis ("fear of missing out" of FOMO) onder beleggers, kan aanwakker, veral wanneer 95% van die maatskappy nie beskikbaar was tydens die notering nie.

Die geskiedenis leer ons egter 'n belangrike les: 'n uitsonderlike maatskappy is nie noodwendig ook 'n uitstaande belegging nie.

Navorsing het deurentyd getoon dat nuutgenoteerde maatskappye dikwels sukkel om die hoë verwagtinge te regverdig wat tydens 'n aanvanklike openbare aanbod (IPO) in hul aandeelpryse ingebou word. In die dae onmiddellik ná 'n notering kan opgewondenheid en media-aandag sterk vraag na aandele dryf, wat tot indrukwekkende aanvanklike opbrengste lei. Sodra die nuusopskrifte vervaag, begin beleggers meer tradisionele maatstawwe soos verdienstegroei, winsgewendheid, mededingende voordele en waardasie oorweeg. Hierdie herwaardering lei dikwels tot meer beskeie opbrengste as wat vroeë beleggers verwag het.

Verskeie hoë profiel IPO's illustreer hierdie punt. Hoewel sommige maatskappye voortgegaan het om uitsonderlike langtermyn-resultate te lewer, het baie indrukwekkende eerste-dag-winste behaal net om 'n groot deel daarvan in die daaropvolgende maande prys te gee. In ander gevalle het ondernemings met sterk onderliggende grondbeginsels steeds teleurstellende beleggings-uitkomste gelewer bloot omdat verwagtinge ten tyde van die notering eenvoudig te hoog was.

Share price performance, US IPOs



Bron: *Momentum Global Investment Management, Bloomberg Finance L.P.* Data tot 12 Junie 2026.

Dit dien as 'n waardevolle herinnering dat beleggingsukses selde daaroor gaan om 'n toewysing in die nuutste gewilde geleentheid te bekom. Meer dikwels hang dit daarvan af om 'n redelike prys vir toekomstige groei te betaal en gedissiplineerd te bly wanneer entoesiasme hoog loop.

Sir John Templeton het gesê: "Die vier gevaarlikste woorde in belegging is: 'Hierdie keer is dit anders.'" Beleggers sal goed doen om dié les te onthou wanneer hulle enige hoogs-verwagte IPO evalueer. Of 'n maatskappy nou satelliete lanseer, KI ontwikkel of 'n bedryf transformeer, dieselfde beginsel geld: grondbeginsels is uiteindelik belangriker as opwinding.

Die belangrikste hoofstuk van enige IPO-verhaal word gewoonlik geskryf nadat die vieringe rondom die notering verby is.

Verwerk uit "Fly me to the moon Mars", geskryf deur Grégoire Sharma, CFA, Senior Portefeulje- en Navorsingsontleder by Momentum Global Investment Management. Inhoud aangepas en verkort vir nuusbriefdoeleindes. Gebaseer op inligting en ontleding wat oorspronklik deur Momentum Global Investment Management gepubliseer is.